Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

26 September 2025 Uitgawe: 10/3/2025

# UIT DIE KANTOOR

So kom ons aan die einde van nog 'n besige kwartaal, wat beteken dat dit die laaste uitgawe vir hierdie kwartaal is.

**Melodrama:**

Bykans al die kaartjies vir hierdie ***"personeelkonsert"*** is uitverkoop. Baie dankie vir almal se ondersteuning. Dit beloof om regtig die moeite werd te wees. Tradisioneel hou die skool elke 4 jaar melodrama, maar weens die Covid-pandemie van 2020 het daardie jaar se melodrama nie plaasgevind nie. Dus was die laaste melodrama in 2016 gehou. Vir 'n hele klomp onderwysers is dit hul eerste melodrama. Gelukkig is daar 'n paar veterane wat die jonges kon touwys maak.

Kom lag lekker saam vir die onnies wat bietjie uit hul "gemaksone" moes klim.

**Kwartaalverslae:**

Met die akademiese program wat in die derde kwartaal meer gefokus het op take en opdragte, is die vooruitsig dat die kinders (wat wel hul opdragte uitgevoer het) goed sal presteer. Die grondslagfase se punte is reeds verwerk en die rapporte sal gereed wees om op Donderdag, 2 Oktober uitgedeel te word. Die seniorfase (Gr. 4-7) se rapporte sal egter eers op Vrydag, 17 Oktober uitgedeel word.

**Prysuitdelings:**

Weens die baie kort 4de kwartaal is ons genoodsaak om die prysuitdelings so bietjie te verander om alles en almal te akkommodeer. Hierdie geleenthede sal soos volg plaasvind:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Dinsdag, 28 Oktober | - | Voortrekker Prysuitdeling (18:00 - 19:30) | |
| Woensdag, 29 Oktober | - | Gr.1 | (11:00 – 12:00) |
| Woensdag, 29 Oktober | - | Gr. 2-3 | (18:00 - 20:00) |
| Donderdag, 30 Oktober | - | Gr. 4-5 | (09:00 - 11:00) |
| Donderdag, 30 Oktober | - | Gr. 6-7 | (18:00 - 20:00) |


Die eerste prysuitdelingsbrief met kriteria sal eerskomende Woensdag, 1 Oktober elektronies versprei word. Ouers moet dit asb. so volledig as moontlik voltooi en terugstuur na u kind se registeronderwyser teen Dinsdag, 14 Oktober.

# BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 26 Sept.: | o/13A Hokkietoernooi (Kimberley) |
| 26/27 Sept.: | SVS o/11 Hokkieproewe (2026) |
| 29 Sept.: | Melodrama Kleedrepetisie |
| 30 Sept.: | Melodrama 1 |
| 1 Okt.: | Melodrama 2 |
| 2 Okt.: | Melodrama 3 (Skouspel) |
| 3 Okt.: | Skole sluit om 10:00 |
| | Pom-pom optrede (Universitas-Rif Basaar) |
| 4 Okt.: | Pom-pom optrede (NG Kerk Wilgehof Basaar) |
| 3-4 Okt.: | Nasionale 7's Rugbytoernooi (H/S Sentraal) |
| 4-8 Okt.: | Voortrekkers PD Gebiedskamp |
| 3-5 Okt.: | MMC Kriekettoernooi (Sasolburg) |
| 6-8 Okt.: | o/13 Kriekettoernooi (Senekal) |
| 9-11 Okt.: | Tjokkies o/11 Kriekettoernooi |
| 11 Okt.: | ATKV Wow-Spelfees Finale |
| 13 Okt.: | Skole heropen |

# VERJAARSDAE

3 Okt.: Juf. Hanlie van Dyk (Gr. 5)



# ANDER

**Begrotingsvergadering:**

Kennis geskied hiermee van ‘n belangrike begrotingsvergadering wat gaan plaasvind op Maandag, 10 November 2025 in die skoolsaal.

Volgens die nuwe SA Skolewet soos aangepas deur BELA, moet daar ‘n 10% kworum teenwoordig wees by die vergadering om die begroting, soos voorgestel deur die Beheerliggaam, goed te keur. Dit beteken dat daar 200 ouers van die skool (graad R ingesluit) die vergadering moet bywoon. Ek doen ‘n ernstige beroep op ouers en pleit eintlik dat u dit asb. moet kom bywoon. Die vergadering sal nie langer as 45 min duur nie.

Die 2026-begroting word voorgelê asook die skoolgeld verhoging vir 2026. Die Wet bepaal dat die begroting tydens ‘n amptelike vergadering met ouers van die skool hanteer en goedgekeur moet word. Die vergadering begin stiptelik om 17:30. Sien ook aangehegte skrywe.

# VAN DIE MAMMAS WAT BID

PSALMS 18:2-3 NLV
[2] Hy het gesê: Ek het U baie lief, Here; U is **my** sterkte. [3] Die Here is **my** rots, **my** vesting en **my** redder, **my** God en **my** rots by wie ek skuil. Hy is **my** skild, **my** magtige redder, **my** veilige vesting.

Dawid het hierdie psalm vir die Here gesing op die dag toe die Here hom uit die mag van al sy vyande gered het.

Die woordjie "my" wat 9 keer herhaal word in hierdie 2 verse beklemtoon Dawid se persoonlike verhouding met God.

Hy beskryf die Here as sy: sterkte, rots, veilige vesting, skild en magtige redder
Dawid weet met oortuiging wie God is, en wie God is vir hom.

Nes Dawid kan jy jou sekerheid en sekuriteit in God vind...want Hy is JOU:
- Rots wat stabiel, onveranderd, betroubaar en standvastig is
- God is jou vesting wat beskerming, veiligheid en sekuriteit bied
- God is jou redder wat bevryding van die vyand en sy leuens bring
- God is jou skild wat die brandpyle van die bose blus

As God vir jou is...wat kan die wêreld dan bring? Jesus het die wêreld oorwin!

# SNUFFELS



BLOEMFONTEIN
MOTORS
Proud Sponsor of : Tjokkies School
150 Oliver Tambo Road, Oranjesig, Bloemfontein
www.bloemfonteinmotors.co.za | 051 4477 042





STEWARTS & LLOYDS
CELEBRATE YOUR
HERITAGE
WITH STEWARTS AND LLOYDS
COD
CARD on Delivery
within Bloemfontein
R293 95
Inc.VAT
Garden Hose
12mm x 30mtr
with Fittings
**while stocks last**
www.stewartsandlloyds.co.za
051 434 5139
bloemfontein@sltrading.co.za

STEWARTS & LLOYDS

# SPRING SPECIALS
with Stewarts & Lloyds


42 Mill Street – HAMILTON INDUSTRIAL SITES - BLOEMFONTEIN

VALID 24-30 SEPTEMBER 2025 – WHILE STOCK LAST



**R340**95 Inc.VAT

*75X50X20X2.2X6M*
***MILDSTEEL LIP CHANNEL***



COD

CARD ON DELIVERY
Within BLOEMFONTEIN

**517**95 Inc.VAT

*75X50X20X2.0X9.145M*
***MILDSTEEL LIP CHANNEL***

www.stewartsandlloyds.co.za | 051 434 3951 | Blomfontein@sltrading.co.za

STEWARTS & LLOYDS

# CELEBRATE YOUR HERITAGE
WITH STEWARTS AND LLOYDS

COD

CARD on Delivery
within Bloemfontein



**R202**95 Inc.VAT

*Garden Hose*
***12mm x 30mtr***

**R26**95 Inc.VAT

*Millenium Garden Rake*
***430mm***



**while stocks last**

42 MILL STREET – HAMILTON INDUSTRIAL SITES – BLOEMFONTIEN

www.stewartsandlloyds.co.za | 051 434 3951 | bloemfontein@sltrading.co.za